

Woensdag 7 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-49

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:42, 44; HK Sondag 22, Antwoord 57

Die opstanding: met 'n verheerlikte liggaam

Al sal ons met die opstanding uit die dood dieselfde liggame hê as wat ons hier op aarde het, toon Paulus in 1 Korintiërs 15 dat daardie liggame grootliks sal verskil van dié wat ons tans het. Daar sal veral 'n groot verskil in heerlikheid wees.

Ook dit blyk duidelik uit die beeld van die korrel en die plant wat daaruit tevoorskyn kom. Daarom sê Paulus: “En wat jy saai, saai jy nie in die toekomstige gestalte daarvan nie, maar as 'n blote saadkorrel, of dit nou koring is of iets anders. Maar God gee 'n gestalte daaraan, soos Hy bepaal het, en aan elke saadsoort gee Hy 'n eie gestalte ... So is dit ook met die opstanding van die dooies” (1 Kor. 15:37, 38, 42).

Dit is asof die apostel met hierdie woorde aan ons sê: Neem 'n blote koringkorrel en plaas dit aan die een kant. Neem dan 'n volgroeide koringplant met volle halm en aar en plaas dit aan die ander kant. Laasgenoemde is tog baie mooier en indrukwekkender as die blote korrel. Die *verskil* wat daar tussen die twee is, is 'n aanduiding van die verskil in heerlikheid tussen die liggame wat die gelowiges hier op aarde het en die liggame wat hulle eenmaal by die opstanding uit die dood sal hê. Die verskil kom ook daarin na vore dat wat gesaai (begrawe) word, verganklik is, maar wat opgewek word, onver-ganklik is (1 Kor. 15:42).

Die feit dat ons by die opstanding *dieselfde* liggame sal hê as wat ons tans het, maar dat hulle *baie anders* daar sal uitsien as tans, het iemand vergelyk met die beeld van die vlinder (Feenstra). Die vlinder is dieselfde wese wat vroeër 'n wurm en daarna 'n papie was. Tog is die gedaante van die vlinder baie mooier en indrukwekkender as toe dit óf 'n wurm óf 'n papie was.

So sal dit met die liggaam van die gelowige wees by die opstanding uit die dood: *dieselfde en tog baie anders*. Die verskil tussen die liggame wat ons tans het en wat ons hiernamaals sal hê, dui Paulus verder aan as by sê: “'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek” (1 Kor. 15:44). Die liggame wat ons hier op aarde het, is natuurlike liggame. Daarmee bedoel die apostel dat dit broos, verganklik en stoflik is. In die plek daarvan kry ons geestelike liggame. Dit beteken nie dat dit iets spookagtigs is nie, maar dat dit liggame sal wees wat ten volle deel het aan die verlossing van sonde deur Jesus Christus en geheel en al beheers sal word deur die Heilige Gees. Dit is die heerlikheid wat wag op die kinders van God.